**Hey! se visie is om hoop te bring aan die jong generasie deur die Goeie Nuus van Jesus met hulle te deel sodat hulle 'n skynenede lig vir Jesus kan wees! Matteus 5:16**

**HEY! groei en meer as 4000 kinders word nou bereik. Daar is meer geleenthede wat oor ons pad kom wat by ons visie inpas en ons eer God daarvoor. Ek deel graag 'n paar BROKKIES NUUS.**



**1.Somerset Wes primer se saalbyeenkomste van 30 Jan tot 3 Feb was 'n wonderlike geleent-heid! Ons het op die manier die hele skool bereik en die Woord van God kon saai en heerlik kon sing, die dak het behoorlik gelig! Die rippel effek hiervan is dat die weeklikse voorskool sessie op Vrydae nou uit sy nate bars want die kinders is honger vir die Woord van God en worship. "I can't wait for church" is die opgewonde woorde waarmee die kinders jou begroet as jy by skool stop op Vrydae...DANKIE Jesus vir vreugde!**




**2.Hendrik Louw in Strand se saal byeenkomste met boelie inslag het plaasgevind op Vry 9 en 16 Feb wat ook die hele skool gedek het. Dit is 'n groot voorreg om Bybels aan die Moompi projek te kon gee uit donasies van Johannes Smit. Hoe spesiaal om die Woord wat lig vir ons pad is aan kinders te kan gee. (Ps 119:105) Ons was deel van 'n gebedswandeling by die skool en dit was wonderlik om deel te kon wees hiervan. Groot dinge aan die gebeur hier!**

**3. Melindi Douglas (op foto by Hendrik Louw) het oorgeneem by Inge de Kock wie Lochnerhof gekoordineer het. Melindi het 'n klomp nuwe planne "watch this space!" Ons bid Jer 29:11 vir haar en bid vir wysheid en vir guns by skole en gemeenskap waar sy betrokke gaan wees ♥**



**4. NUWE SKOOL:: Atena primer in Somerset-Wes het ons gekontak rakende Bybelklasse. Die skool bestaan uit sowat 350 kinders van gr 1 tot 3 Ons het einde Feb daar begin, klasse gaan goed en onderwysers en kinders is gaande oor die program. Ons dank die Here vir die skool en bid dat baie siele gewen kan word vir Sy Koningkryk God stel belang in elkeen van Sy unieke mense op aarde en roep elk. Jesaja 43:1 "..Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne" Dit is vir ons 'n voorreg en eer om instrumente in Sy hand te kan wees.**

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee!**
**Celeste Steinmann 082 322 5299 celeste@hey.org.za**